# Hoofstuk van die dag: 1 Samuel 2

*Hierdie sonde van Eli se seuns was baie groot in die oë van die Here, want daardeur het die mense hulle agting vir die*

*offer van die Here verloor. (vers 17)*

Hofni en Pinehas is klassieke voorbeelde van mense wat só gewoond geword het aan God dat hulle afgestomp geraak het. Hulle het nie meer in verwondering geleef voor God nie, selfs ook nie toe hulle pa hulle (alhoewel baie floutjies) daaroor aangepraat het (vers 24).
Hulle het geen erg gehad aan die heiligheid van God nie, en dit daarom ook nie nodig gevind het om respek te hê vir die offeraltaar nie, of vir die mense wat God kom aanbid nie. Dit was maar net ’n werk met byvoordele. Hulle het hulle posisie misbruik en die offers in die proses ontheilig. Hulle het die vroulike personeel by die heiligdom misbruik. Dit ten spyte van God se herhaalde opdrag: “Wees heilig, want Ek die Here julle God is heilig.” Kyk gerus na Lev 10:3; 11:44,45; 19:2; 20:7; 21:8.
Dis vandag nog steeds ’n gevaar vir gelowiges: dat ons afgestomp word. Dan raak jy nie meer opgewonde en in verwondering oor God se oneindige genade en goedheid nie. Dan verwaarloos jy jou stiltetyd.
Of hoe dink jý oor God?

## Onlangse Bydraes

- Dawid, die skaapwagter
- Hoe moet ons dit verstaan? 23
- Eva, die vrou wat alles opgemors het
- Gebed ná die prediking
- Bybelkarakters – Adam

## Argief

Argief Kies 'n maand ▼

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke

© Bybelkoerant 2018 – 2026